

God se uitreik na mense

Toe Paulus die vroue by die Joodse bidplek vertel van Jesus Christus het Lidia aandagtig geluister. Toe gebeur 'n wonderwerk. Die Heilige Gees het haar oorreed om die blye boodskap gelowig te aanvaar (Tit 3:5).

Vandag is dit nog so. By die gawe van die geloof staan die mens magteloos. Niemand kan dit uit eie krag tot stand bring nie. Die Heilige Gees gebruik die Woord van God op 'n bonatuurlike wyse om geloof in dooie harte te wek (2 Kor 3:5, 6). In hierdie wonder deel elke gelowige – jy ook!

Kort nadat Lidia die evangelie aanvaar het, is sy en haar huis gedoop. Wat in die hart van Lidia gebeur het, is onsigbaar, maar dit word aanskoulik sigbaar afgebeeld deur die doop met water. Sondige mense wat glo, is deur Jesus Christus rein gewas van sondeskuld.

Hierdie nuwe verhouding met God moet egter groei (Spr 4:18). Daarvoor gebruik die Here die Woord en die sakramente. Die gelowige wat voortdurend gevoed word deur die Woord en die sakramente groei tot geestelike volwassenheid (Ps 1:3). Ons word verander om meer en meer volgens die wil van God te lewe (Ef 4:20-24).

Hierdie voorreg waarin jy deel, bring 'n geweldige verantwoordelikheid mee. Reg rondom jou is talle mense wat nog in die mag van Satan is. Jy dra die sleutel wat vir hulle kan oopsluit: die Woord van die Here. Gebruik jy dit? Jy kan nie mense verander nie, maar God kan! Hy gebruik jou as draer van sy boodskap (2 Kor 2:14-17).

Ds. APC Duvenage (Emeritus)

~~~~~